DEEL 113 | WEEK 26 | 2 JULIE 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# DRIE IN 'N RY VIR FRANKFORT



Die Frankfort Rugbyklub het Saterdag in die finaal teen Oud-Skoliere dit reggekry om die Oos Vrystaat Rugbyliga vir 'n derde opeenvolgende jaar te wen.

Dit was 'n klipharde wedstryd en Oud-Skoliere het Frankfort die eerste helfte onder baie druk gesit. Hulle was met die omdraaislag 9-6 agter.

Daar was halftyd hard gepraat in die kleedkamer. In die tweede helfte is die bordjies verhang met Frankfort wat weghardloop met die wedstryd en 39-9 wen. Welgedaan aan die afrigters JD Steyn, Jaco Saaiman en Piet le Roux vir hul bydrae tot die sukses van die seisoen om die beker in Frankfort te hou. Alhoewel die hele span goed gespeel het is spelers wat die wedstryd uitgestaan het, Hans Pretorius, Gerrie Müller, Edward van Blerq en Christiaan Müller.

Daar was drie stelle broers wat hierdie jaar rugby vir Frankfort rugby gespeel het, naamlik die Van der Merwes - Petri, Danie en Fanie en die Müller's - Gerrie, Christiaan en Daantjie, asook die twee Vlok broers, Reinhard en Wernich. Frankfort teken die seisoen 48 drieë aan en 345 totale punte en is daar slegs 6 drieë en 59 totale punte teen hulle aangeteken.













# IN-RY KERK BY NG HEILBRON-SUID



Op Sondag, 27 Junie, het President Cyril Ramaphosa die land weer op 'n vlak 4 Koronavirus-inperking geplaas. Alle byeenkomste, binnenshuis of buite word verbied. Dit sluit geestelike byeenkomste in.

Die Bestuurskommissie van NG Heilbron-Suid het egter gevind dat dit juis ten tye van isolasie is wat lidmate dit die nodigste het om bemoedig te word. Hulle het 'n radiosender ingevoer en kan nou via radioseine steeds kerk hou.

Die Bestuurskommissie wil alle inwoners van Heilbron uitnooi om die volgende Sondae gerus na die eredienste te kom. In die gemak en veiligheid van julle motors in die kerk se parkeerarea kan julle na die preek luister op 88.0 FM.

**Die edienste sal as volg plaasvind:**
**04 Julie 2021:**
Ds Tiaan Victor
**11 Julie 2021:**
Ds Hans van Vuuren
**18 Julie 2021:**
Ds Hans van Vuuren
**25 Julie 2021:**
Ds Tiaan Victor


P & V
Potgieter & Vennote

## VAKATURE: JUNIOR & SENIOR PERSONEEL

**Verantwoordelikhede**

- Data vaslegging
- Prosessering van data en rekonsiliasies
- Kantooradministrasie (liasering, tydstate byhou)
- Opstel van finansiële state
- Indien van belastingopgawes

**Vaardighede sal voorkeur geniet:**

- MS Office (Excel, Word)
- Rekenaar vaardighede
- Goed georganiseerd en gefokus
- Goeie menseverhoudinge en kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Afrikaanssprekend

**Aansoeke sluit 15 Julie 2021**

Adres: Breëstraat 33, Heilbron, 9650
CV: jurie@jgpotgieter.co.za
Navrae: Kontak Jurie by 058 85 23001

RA
CA(SA)


Ngwathe Municipality
The home of harmony, prosperity and growth

## PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given, in terms of Section 78(1) of the Local Government Municipal Property Rates Act, of 2004 (Act No. 6 of 2004) (hereinafter referred to as the "Act"), that the **2nd Supplementary Valuation Roll** for the financial years 1 July 2019 to 30 June 2024 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys for the period **01 June 2021 to 16 July 2021**, Mondays to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at other municipal offices namely:

Parys : Customer Care Office
Heilbron : Customer Care Office
Vredefort : Customer Care Office
Koppies : Customer Care Office
Edenville : Customer Care Office

In terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

The completed objection form/s must be returned to: valuations@ngwathe.co.za.

*Alternatively* the form/s can be handed in at any Customer Care Offices.

**Public / Residents / Businesses / NGO's / Rates Payers are also informed that due to the Covid-19 (coronavirus) epidemic, the Supplementary Valuation Roll will be available for inspection during office hours at the municipal offices as well as on the municipal website at www.ngwathe.fs.gov.za.**

Hopolang I Lebusa
Chief Financial Officer
hopolang@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Kgomotso Mtimkulu
Manager: Revenue and Debt Collection
valuations@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

B.W KANNEMEYER
**MUNICIPAL MANAGER**

# HEILBRON *Duiwenuus*

Verlede Saterdag het die duiwe vinnig gevlieg vanaf Springfontein as gevolg van 'n sterk suidweste wind van agter. In die jaaroud wedvlug het Zenith A die wenduif geklok na 4 uur 12 minute teen 90 km per uur. Stemmett Hokke vaar uitstekend deur die ope wedvlug te wen asook die eerste duif te klok in die Vaalposduif Unie. Sy spoed was 96 km per uur.

Heilbron Klub doen baie goed deur 13 plekke in die eerste 20 te vlieg. Dit is uit 77 lede in die Vaaldriehoek en 1 150 duiwe.

**SPRINGFONTEIN JAAROUD**

| | |
|---|---|
| 1. Zenith Hokke A | 2. OJ's Hokke |
| 3. F Viviers | 4. F Viviers |
| 5. Stemmett Hokke | 6. Zenith Hokke A |
| 7. Zenith Hokke A | 8. F Viviers |
| 9. Kobus & Wilné | 10. F Viviers |

**SPRINGFONTEIN OPE**

| | |
|---|---|
| 1. Stemmett Hokke | 2. Zenith Hokke A |
| 3. Zenith Hokke B | 4. Zenith Hokke A |
| 5. Stemmett Hokke A | 6. Crause & Seun |
| 7. Crause & Seun | 8. Kobus & Wilné |
| 9. Kobus & Wilné | 10. Kobus & Wilné |



*Damie Stemmett met sy Uniewenner*

# SMALLS

## BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van wyle:
**FREDERICK PETRUS KLEYNHANS**
**Identiteitsnommer: 321109 5037 081**
**Gebore: 1932-11-09**
**Oorlede: 2021-03-19**
**Van: Huis Bron-van-Heil, Heilbron**
en nagelate eggenoot / eggenote
(slegs indien getroud in gemeenskap van goedere):
**FREDRIKA JOHANNA KLEYNHANS**
**Identiteitsnommer: 390908 0053 084**
**Gebore: 1939-09-08**
**Boedelnommer: 4882/2021**
**Meesterskantoor: Bloemfontein**
Krediteure en Debiteure in bogemelde boedel word versoek om hulle vorderinge in te lewer en hulle skuld te betaal by die kantoor van ondergetekende binne 'n tydperk van dertig (30) dae.
**Vir 'n tydperk van dertig (30) dae vanaf: 2021-07-02**
**Naam en adres van eksekuteur of gevolmagtigde:**
**CHARL JOHANNES STANDER**
**EKSEKUTEUR,**
**p/a LOVIUS BLOCK ING.**
**EERSTELAAN 31**
**WESTDENE, BLOEMFONTEIN, 9301**
**TEL NR.: 051 430 3874**
**DATUM: 2021-06-24**

## LOST OR DESTROYED DEED

Form for publication in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act 47 of 1937.
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T35194/2001**
in favour of
**ANNEMARIE HARTHOORN**
**Identity number: 501029 0036 08 0**
**unmarried**
in respect of
**PORTION 4 (DEN UITWYCK) OF THE FARM RIVIERPLAATS 154, DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 429,7783 (FOUR HUNDRED AND TWENTY NINE COMMA SEVEN SEVEN EIGHT THREE) Hectares**
**HELD BY Deed of Transfer Number T35194/2001**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge same in writing with the Registrar of Deeds Bloemfontein, 84 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
**APPLICANT**
**TIM DU TOIT & CO INC, 433 RODERICKS ROAD, LYNNWOOD, PRETORIA**
**(R ABOO/PS/LF2078**
**E-MAIL ADDRESS: petro@timdutoit.co.za**
**CONTACT NUMBER: 012-470-7777**


**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

**OUDHEDE GESOEK**

**OUDHEDE GESOEK**
OUDHEDE GESOEK
OUDHEDE GESOEK

Afrikana, oeroue kombuisware, ou gereedskap veral houtmakers, "tin toys", "enamel signs" miniatuur speelgoed soos Naaldwerkmasjiene, ens.
Verskeidenheid te veel om op te noem.
***Welkom om my te kontak of boodskap te laat na 081 288 3186.***





LAE
PRYSE
VIR JOU
elke dag
SPAR
Langlewe Melk
Volroom, 2%
Lae-Vet of
Afgeroom
6 x 1 liter
Kry R4af
Rewards-klante betaal
R69 99
SOOS OP TV
ONS LAAGSTE PRYS
SPAR
Daily Spread
Bakkie
1 kg
Kry R2af
Rewards-klante betaal
R24 99
SPAR
Butcher's Best
Rug-, Maer-,
Blad-, Strepie-,
Blokkiespek of
Hoender-Repies
200 g
24 99
per pak
SOOS OP TV
Bokomo
Weet-Bix
900 g
ONS LAAGSTE PRYS
Kry R3af
Rewards-klante betaal
R39 99
SOOS OP TV
Nescafé
Classic, Strong,
Brazil, Black Roast of
Ivory Coast Fles
(Kafeïenvry en
Sagtepak uitgesl.)
200 g
ONS LAAGSTE PRYS
Kry R5af
Rewards-klante betaal
R64 99
SOOS OP TV
Crosse &
Blackwell
Slegs
Tangy
Mayonnaise
750 g
ONS LAAGSTE PRYS
25 99
elk
SOOS OP TV
SPAR
Macaroni of
Spaghetti
500 g
ONS LAAGSTE PRYS
KOOP ENIGE 2 VIR
20 00
SOOS OP TV
Coca-Cola Zero,
Coca-Cola Suiker- en
Kafeïenvry,
Stoney Gemmerbier Zero,
Fanta, Sprite, Twist,
Stoney Gemmerbier of
Spar-Letta Cream Soda,
Iron Brew, Sparberry of
Pine-Nut
(Coca-Cola Oorspronklik
uitgesl.)
1,5 litre
ONS LAAGSTE PRYS
KOOP ENIGE 4 VIR
50 00
SOOS OP TV
ONS LAAGSTE PRYS
SPAR
Toiletpapier
(2-laag)
18
79 99
*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.
SPAR
SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR 29 Junie 4 Julie 2021, terwyl voorraad hou.
Nie beskikbaar in die Upington en Keimoes-area, KwaZulu - Natal, die Laeveld of Belfast en die Wes of Oos - Kaap.
TV produkte landwyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in.

# WEEK SES-EN-TWINTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Hier is ek weer terug oor die Groot Siekte. Laaskeer het ek vertel dat Prietoriejah die mekka van die infeksies is. Sekerlik steeds, maar nadat ons koshuisvader Sondagaand aangekondig het dat ons nou weer terug is op vlak 4 (golf 3, fase… nee, wag, netnou maak ek weer vir Eskom wakker) gaan dit al amper beter.

’n Afgetrede onderwyser bel my die ander dag aangaande haar inspuiting. (Sy werk vir iemand wat vir ons werk). Die gesprek klink so:

Antie: Hoe lyk julle uitrol?

Ek: Nee, ons rol niks uit nie.

Antie: Spuit julle nie in nie?

Ek: Nee, want ons is nie die Departement van Onderwys nie. Is jy ’n afgetrede onderwyser?

Antie: Ja.

Ek: Gaan vra by jou ou skool.

Antie: Ek wou al, maar ek wil nie die Pfizerinenting hê nie.

Ek: Hoe oud is jy?

Antie: 62.

Ek: Het jy by Gauteng geregistreer vir die inenting?

Antie: Ja, maar ek wil nie ’n Pfizerintenting hê nie.

Ek: Vir wat nie?

Antie: Oe, ek het vreeslik baie navorsing daaroor gedoen.

Ek sien in my geestesoog hoe sy in haar tuislaboratorium met proefbuisies rondspeel en eksperimente doen, maar ek sê niks.

Ek: En?

Antie: Ek gaan oor 20 jaar sò baie newe-effekte hê.

Ek wonder hoe lank hierdie antie wil leef, maar sê niks.

Ek: Soos wat?

Antie: My DNA gaan verander.

Ek wou sê dat dit dalk net goed sal wees as sy haar genepoel begin vergroot, want ek dink dit is nodig, maar ek sê niks.

Ek: Hoekom dink jy so?

Antie: Weet jy wat is GMO’s?

Ek: Ja, ek het dit onder andere studeer op Universiteit. Maar sê my: eet jy sjokolade?

Antie: Ja, dis my favourite.

Ek wonder of sy weet hoeveel GMO’s in haar gewone sjokolade is, maar ek sê niks.

Ek: Daar is net mRNA in die inspuiting, daar is geen DNA nie, en jou genetiese kode sal nie verander nie. My skoonma en my man se skoonma het die inspuiting gehad, en hulle nog okay.

Dink ek, maar ek sê niks.

Antie: Jinne, baie dankie. Jy het sopas my standpunt verander. Ek gaan my nou dadelik inspuit.

Ek sit die foon neer, maar ek sê niks.

My vriendin, Maryna, kry so maand gelede die moeder van alle buikpyne. Sy word in die hospitaal hier naby ons opgeneem en die volgende oggend is sy haar blindederm kwyt. Sy skryf die volgende oor haar hospitalisasie en die inenting:

“Ek was nogal gepla deur die idee van godsdienstige besware teen inenting. My eerste nag in die hospitaal moes ek in die COVID-19 saal deurbring. Daar was nie beddens in die hospitaal nie en totdat die COVID toets negatief teruggekom het was dit die enigste rusplek.

“Die kamer was klein: 4 beddens, 2 mans 2 vrouens. Ongeken vir die Kloof, maar die nood druk. Ek het so seer gehad dat dit nie saak gemaak het nie. Dit was nà 23:00 wat ek opgeneem is, die dag was lank en die ure wag in ongevalle 'n uitdaging. Die suster kom om met binneaarse naald en inspuiting. Sy waarsku sag: “Moenie jou masker afhaal nie.”

“En so het die nagwaak begin. In die gang af was daar 'n man wat elke tien minute na Jabu geroep het, sy roep het naderhand hees geword maar nie stil nie. Oorkant my was 'n oom van 101 met 'n derm obstruksie. Die oom het eers na sy seuns geroep. Na die eerste uur het hy na sy oorle’ vrou geroep en later na 'n Duitse Anna en haar koekies waarna hy gesmag het. Teen vroeg oggend het hy begin bid, hardop, eers vir nog 'n uur, later vir sonop.

“Die dame langs my gekoppel aan suurstof en hartmonitor kon nie praat nie, maar ek het om die halfuur geluister na haar smag na asem, die monitor wat skree, flinke voete wat kom verstellings maak, die monitor wat weer geduldig biep. Ek het net so hard in daardie nag saam met haar gewaak.

“Die nagsuster kom en vra of ek nie kan slaap nie. Is dit die pyn? Nee, sê ek sonder om verder te praat. Dit is net nà drie en die môre naby. En in trane sê sy: “Vanaand loop die Doodsengel deur die saal.” Al wat ek kon doen was om my masker stywer te trek en die bieps van die monitor te tel.

“Hierdie is nie geleen nie. Dit is nie iemand anders s'n nie. Maar moenie praat oor geloofskrisis totdat jy nie die stryd om oorlewing gesien het nie.”

Wat ook al jou oortuiging is: hou net op om ander mense te bombardeer met nonsens, want dit is wat dit is. Ja, die farmaseutiese maatskappye maak geld, so ook die maatskappye wat al vir jare lank Disprin en Panado’s maak. Ja, soms het hulle beleggers soos ryk sakemanne uit die VSA, maar so het hulle vir jare gehad. Ja, soms moet ons maar katvoet loop vir die die ondier uit Openbaring, maar ek twyfel sterk of hierdie regtig die ondier is. (Ek maak my gereed vir ‘n klomp kritiek oor my standpunt, maar ek is gereed).

Op daardie noot: Openbaring 13 se ondiermerk is aan die voorkop en die regterhand. Nie op die bo-arm nie. Maar glo maar wat jy wil.


Dr Cloete van Vuuren van 3 Militêre Hospitaal praat gereeld oor die Afrikaanse radiostasie. Hy noem die ander dag statistiek in terme van mense wat newe-effekte as gevolg van die inenting ervaar. Hy sê dat jou kans om op pad na die winkel (of inentingsplekkie) dood te gaan in ’n motorongeluk baie groter is as om enige newe-effek as gevolg van die inenting te kry. Daar is wel iemand wat knaend op ’n nuuswebwerf skree dat mense rondom haar almal dood neerslaan van die inenting.

Regtig, juffrou, kalmeer. As dit so was, so nie net jy daarvan geweet het nie.

Maar soms moet ons maar net ons gesonde verstandjies gebruik. Of jou genepoel vergroot. Dink daaroor.

Bly gesond en dra daai simpel masker.

## DIE RUS INGEGAAN



† In liefdevolle herinnering aan **Klaas Cilliers** oorlede op 23 Junie 2021 in die ouderdom van 79 jaar. Klaas was bekend vir sy stoeitalent en het die plaaslike en Noord-Vrystaat stoeiklubs afgerig. Hy was 'n groot terggees en het altyd tyd gehad vir 'n lekker grap en geselsie. Hy gaan baie gemis word vir sy positiewe uitkyk op die lewe en laggende gesig. Hy laat 'n groot leemte in die gemeenskap en die Huis Bron-van-Heil inwoners gaan hom verseker is. Geen begrafnisreëlings is nog bevestig nie.






## PANEEL 11




*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*

# TOG OOR DIE DRAKENSBERGE

■ Quarta Pretorius

Vanaf Kerkenberg het talle Voortrekkergroepe teen die einde van 1837 sak en pak oor die Drakensberge na Natal getrek. Hulle het die waens se agterwiele afgehaal en boomtakke aan die agterasse vasgebind om die aftog te bestendig en te verhoed dat die waens te veel spoed opbou. Hoewel elke wa gewoonlik deur ’n span van minstens tien osse getrek is, was dit die gebruik om teen ’n steil afdraande net die twee agterosse, gewoonlik die sterkste en swaarste osse, voor die wa in te span.

Beeldhouer Frikkie Kruger.



# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE CHRISTINA JACOBA LEONARD, Identity Number: 490213 0052 080** in life widowed, residing at Farm Robertsdam, district Heilbron, Province Free State, who died on 13 March 2021, **ESTATE NUMBER: 3505/2021.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 21st June 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **PHILIPPUS LODEWIKUS SNYMAN, ID 361018 5020 081,** in lewe getroud en woonagtig te plaas Holfontein, Heilbron, 9650, Provinsie Vrystaat.
**Meesterverwysigsnommer: 4819/2018**
Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet No. 66 van 1965 dat die Gewysigde Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landdros te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê. Indien binne genoemde tydperk geen beware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.
**LOUISE SNYMAN**
**RINGERSTRAAT 68, HEILBRON**
**082 965 4964**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Akte Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T4456/2000** gepasseer deur **JACOBUS PETRUS MARAIS COETZEE, Identiteitsnommer: 520822 5018 088, Getroud Buite Gemeenskap van Goed,** ten gunste van **FAIZAL MAHOMED SAYEED ADAMJEE, Identiteitsnommer 590328 5176 08 7,** ongetroud ten aansien van sekere **ERF 1272 Reitz, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of venietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 24ste dag van Junie 2021.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810**
**bligwes06@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884/5**

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa. 3/7 | 2/23 | Sonnig |
| So. 4/7 | 3/23 | Sonnig |
| Ma. 5/7 | 4/18 | Sonnig |
| Di. 6/7 | 3/17 | Sonnig |
| Wo. 7/7 | 3/17 | Sonnig |
| Do.8/7 | 3/17 | Sonnig |
| Vr. 9/7 | 4/18 | Sonnig |
| Sa. 10/7 | 3/18 | Sonnig |
| So. 11/7 | 3/17 | Sonnig |
| Ma. 12/7 | 4/19 | Sonnig |

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Akte Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T354/2013** gepasseer deur **DIE TRUSTEES VAN DIE AT LABUSCHAGNE KINDERTRUST, Registrasienommer: IT1945/2001,** ten gunste van **MARIA JOHANNA MAGRIETHA JANSEN VAN RENSBURG, Identiteitsnommer 511022 0123 089,** ongetroud ten aansien van sekere **ERF 247 TWEELING, DISTRIK FRANKFORT, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of venietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 24ste dag van Junie 2021.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810**
**bligwes06@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884/5**

## JAARBEPLANNER

**JULIE 2021**
23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)
30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)
30 & 31 Jul. Boeretreat Classic
(Vrydagaandvermaak: Fatman - maksimum 250 persone)
**AUGUSTUS 2021**
6 , 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)
**SEPTEMBER 2021**
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
**OKTOBER 2021**
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

CORNELIUS & PARTNERS INC

BETREKKING VAKANT

**CORNELIUS & VENNOTE PROKUREURS**
Benodig die dienste van 'n

**TIKSTER**

Pos is onmiddellik beskikbaar.

Stuur volledige CV
na Mev A Schutte
E-pos amanda@corven.co.za
Faks: 058 852 1838

**Sluitingsdatum: 31 Julie 2021**

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller Draaiwerke

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

**BLOEDSKENK DATUMS**




**27 Julie**
**28 September**
**23 November**

# TE KOOP

**VOER TE KOOP**
**Skakel**
**083 688 8256**
**K0746**

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Silma Petzer,*
Kantoorure
058 852 3033.

# *Winkelure*

**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***




Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.



***Kontak Jackie Wessels***
***072 936 5925***

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## POSTNET HEILBRON

**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00

***Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006***

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

# COVID DUUR VOORT

Die massa-inentings vir onderwysers het laas week begin en het die onderwysers van Hoërskool Heilbron Dinsdag hulle inentings teen die Covid-19 virus ontvang. Heilbron se bevestigde gevalle staan op 951 soos aangedui op die nuutste getalle ontvang van die Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste op 1 Julie 2021 en is daar in 'n periode van sewe dae, 21 nuwe gevalle in Heilbron bygevoeg. Volg die Heilbron Herald Facebook blad vir meer gereelde opdaterings. Intussen het registrasie oopgemaak vir 50 jariges en ouer, lees mediaverklaring regs vir meer inligting. Suid-Afrika het vanaf Maandag 28 Junie geskuif na 'n aangepaste Vlak 4 van die inperking wat vir 2 weke sal geld.

Die volgende maatreëls sal vir die volgende 14 dae geld (van Maandag, 28 Junie tot Sondag 11 Julie) - en sal daarna weer hersien word:

Alle byeenkomste word verbied - behalwe begrafnisse en verassingsdienste (Nie meer as 50 mense mag dit bywoon nie.). Aandklokreël geld nou van 21:00 tot 04:00. Algehele verbod op alkoholverkope. Alle openbare ruimtes soos parke, strande bly oop - maar geen samekomste daar nie. Reise na Gauteng vir ontspanningsdoeleindes word verbied (vervoer vir werk ens. en vervoer van goedere en dienste word nog toegelaat).

Restaurante mag slegs wegneemetes bedien



*Op die foto: Mnr. Johnny van der Merwe besig om sy inenting te ontvang.*

of aflewer(geen aansitetes nie).

Die winterskoolvakansie word vervroeg: Skole sal vanaf Woensdag gesluit word, en alle skole moet teen Vrydag gesluit wees (Onderwysminister Angie Motshekga sal later besonderhede verskaf). Kontakklasse by tersiêre instellings opgeskort. Dit is 'n strafregtelike ootreding om nie 'n gesigmasker oor jou mond en neus te dra nie. Werkgewers moet hulle werknemers toelaat om van die huis te werk indien moontlik.

## COVID-19 VACCINE REGISTRATION IS NOW OPEN FOR 50 YEARS OLD

The Free State Government encourages every eligible person to vaccinate as part of building herd immunity in the Free State. All consenting persons will be registered and prepared for the actual vaccination date. The registration of 50 years old is open starting on 1 July 2021. Register for vaccination on EVDS system on a computer or laptop or smartphone by logging in to: https://vaccine.enroll.health.gov.za/
We also give an option to use a zero rated and no cost USSD by SMS system when dialing *134*832# or by free WhatsApp at 0600123456 and type Register. Did you know that you can also help as many people as possible to register on EVDS by SMS, WhatsApp or by internet. Do the right thing, register to be vaccinated and wait to be directed on when you can go for vaccination. Always wear your mask when in public, keep social distance of 1,5 or 2 meters, wash your hands regularly, sanitize your hands with 70% alcohol based hand sanitizer, cover your cough with an elbow even when you have your mask on.
#ichoosevaccination
Issued by the Free State Department of Health

# AFSTERWE WYD BETREUR

Geliefde vriend, kollega en mentor – Christo Faasen (57) het op Sondag 27 Junie 2021 aan die Covid-19 virus gesterf. Hierdie Sernick-man se dood word wyd betreur en vlae hang halfstok by die onderneming naby Edenville om eer aan Faasen te betoon. Christo het as bestuurder in 1997 by die onderneming begin werk en in 2005 is hy aangestel as besturende direkteur van Sernick Veevoere. Vir byna 25 jaar het hy diep spore in die onderneming getrap en danksy sy goeie menseverhoudings het hy die fabriek tot groot sukses gelei. Hy kom oorspronklik van Aberdeen af waar hy in 1982 aan die Hoër Volkskool Graaff-Reinet gematrikuleer het. Daarna het hy hom vir sy diensplig by die Suid-Afrikaanse Weermag aangemeld. In 1984 het hy by die Universiteit van die Vrystaat ingeskryf om BSc Agric te studeer. In 1988 het hy by Nolko in Bethlehem as tegniese veevoeradviseur begin werk en is spoedig tot senior tegniese adviseur bevorder. In 1995 het hy as bemarkingsbestuurder waargeneem tot en met 1997 waarna hy aangestel is by Sernick Veevoere. Christo word oorleef deur sy vrou, Elmie, hul drie kinders, Jaco, Francois en Lizandie en twee skoondogters, Michele, getroud met Jaco en Anjelieke, getroud met Francois, asook sy drie kleindogters. Christo se gedenkdiens word op Saterdag 3 Julie om 11:00 by Sernick gehou en die diens kan vanaf 10:45 regstreeks op YouTube gevolg word. Die Sernick-groep bring hulde aan Christo Faasen: "Stil, broers, daar gaan 'n man verby, hy groet, en dis verlaas. Daar's nog maar één soos hy; bekyk hom goed" – Jan F E Cilliers. "Mooiloop Christo - daar was maar één soos jy, dankie dat ons jou kon ken."



# UITSTEKENDE VEILING AANGEBIED

Hilltop SAVM Stoet het Dinsdag hulle 7de Produksieveiling saam met Inovula en Gottenburg SAVM Stoet gehad. As gevolg van Covid-19 is daar Maandag in die Staatskoerant aangekondig dat die fisieke bywoning van veilings vir die volgende twee weke verbied word, en moes Faans Pretorius en die span alles na 100% digitaal verander. Die veiling sou oorspronklik by Heilbron Gholfklub plaasvind, maar is toe geskuif na die plaas met slegs eienaars en personeel van die afslaer wat dit kon bywoon. Die Suid-Afrikaanse rekordprys vir 'n SA Vleismerino Ooi was tot en met Dinsdag nog R21 000 en het daar tydens die veiling onderskeidelik 'n ooi gegaan vir R22 000 aan Botha van Niekerk en R27 000 aan Francois Wessels. Die duurste ram is gekoop vir R42 000 deur Koos Engelbrecht. Daar is 'n totaal van 39 ramme verkoop vir 'n gemiddeld van R17 700 en 49 Ooie vir 'n gemiddeld van R8 450. Inovula het kommersiële SAVM tweeling dragtige ooie verkoop vir 'n gemiddeld van R5 700, eenling dragtige ooie vir R 4130 en oop-ooie vir R3200. Jacques van Rensburg van Gottenburg SAVM Stoet het ook 4 ramme verkoop vir 'n gemiddeld van R18 000. Ongeag die ontwrigting was die veiling steeds 'n sukses.



*Op die foto Danie de Wet van BKB Louwid en Faansie Pretorius by duurste ram wat verkoop is.*


GiG
Technologies (Pty) Ltd.
Contact us for a free Quotation
Church street 44
Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
New!!
AJAX Wireless
Smart Home Security Systems




# GESEËNDE 91 JAAR



*Op die foto Japie en Johanna Blignaut.*

Sondag was dit Japie Blignaut se 91ste verjaarsdag. Japie en Johanna (78), beter bekend as Hannie, is in 1995 getroud en saam is hulle geseën met 5 kinders, 13 kleinkinders en 3 agterkleinkinders. Hulle sal binnekort nog 'n agterkleinkind ryker wees. Hy het hierdie jaar geleer WhatsApp en doen al sy rekenaarverwante werk nog self op sy skootrekenaar. Per geleentheid kruip oupa Japie nog op die grond rond en speel karretjies saam die kleinkinders. Op 80-jarige ouderdom het Japie nog vragmotors en trekker gery om uit te help met die boerdery. Wanneer hy 85 geword het, het hy alleen gelamineerde vloere in die huis geïnstalleer. Hulle was tot en met 3 jaar terug nog woonagtig in die dorp en in 2018 verhuis na 'n woonstel by Huis Bron-van-Heil. Na al die jare sal jy Japie en Hannie nog sien stap vanaf hulle woonstel tot by Spar vir 'n sakkie kruideniersware. Nie eers Covid-19 kan hulle onderkry nie en het beide Japie en Hannie hulle eerste dosis van die Pfizer entstof teen die virus ontvang en sal die tweede een binnekort kry. Daar is nog steeds huppel in hulle stap. Baie geluk met jou verjaarsdag Japie. Hannie sal in September haar 79ste verjaarsdag vier.

Postal address: PO Box 359
Physical address: Liebenbergstrek
**PARYS**
9585
Tel: +27 (0) 56 811 2131
Fax: +27 (0) 56 811 2046
e-mail: jordaanr@ngwathe.co.za

**OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER**

Our Ref: MTREF/2021-22/TARIFFS

## PUBLIC NOTICE

### DETERMINATION OF FEES, CHARGES AND TARIFFS FOR THE FINANCIAL PERIOD 2021/2022

Notice is hereby given that, in terms of Sections 2, 7, 8 and 14 of the Local Government: Municipal Property Rates Act 6 of 2004 ("the Act") and as amended, read with Sections 4(1)(c)(i) & (ii) and 11(3)(i) of the Local Government: Municipal Systems Act 32 of 2000 ("the Systems Act") and Section 24(2)(c)(i) of the Local Government: Municipal Financial Management Act 56 of 2003 ("the MFMA"), the Council of the Ngwathe Local Municipality during the Council sitting of the 28th May 2021, resolved to consider the following fees, tariffs and charges for implementation with effect from 1 July 2021 to 30 June 2022. All tariffs include 15% VAT except where indicated.

The following percentage increase was considered and approved:

a) Water Supply 4.95%
b) Electricity 20% (pending actual NERSA Approval)
c) Sewerage 4.1%
d) Refuse 4.1%
e) Rates and Taxes 4.1% (With rebates/10% discount on Residential and 5% discount on Business)
f) All Other Sundries 4.1%
g) 50kWh of electricity and 6kl of water will be provided only to indigents

**Indigent Policy**

- **Category A – R 4 300.00** of the total gross income per month of all occupants over 18 years: (Full subsidised services on the municipal account) to accommodate two state pensioners.

- **Category B – R 4 300.00** of the total gross income per month of all occupants over 18 years (will receive a rebate of **R 200.00** per month if the market value of the household property is and above R1, 5million.

**EXEMPTIONS, REDUCTIONS AND REBATES:**

Exemptions, Reduction and Rebates will be given to the different categories of properties and owners as follows:

**Different Categories of Properties**

**Residential Properties**

All residential properties with a market value of less than the amount as annually determined by the municipality are exempted from paying rates. **For the 2021/2022 financial year the maximum reduction is determined as R30 000.** The impermissible rates of **R15 000** contemplated in terms of section 17(1) (h) of the Property Rates Act is included in the amount referred to above as annually determined by the municipality.

The **remaining R15 000** is an important part of the council's indigent policy and is aimed primarily at alleviating poverty.

***Indigent Owners***

Owners who qualify and who are registered as indigents in terms of the adopted indigent policy of the municipality, regardless of the value of the property, will receive reduction from payment of property tax in terms of the Property Rates Policy.

***Child Headed Families***

Families headed by children with monthly income not exceeding **R 4 300.00** will receive a **100%** rebate for paying property tax.

***Retired and Disabled Persons Rate Rebate***

Retired and Disabled Persons, not registered as indigents, qualify for special rebates according to monthly household income as follows;

- **R0** to **R4 300** per month - **100%** rebate
- **R4 301** to **R4 850** per month - **60%** rebate
- **R4 851** to **R7 500** per month - **30%** rebate
- **R7 501** to **R8 170** per month - **15%** rebate
- **The pensioners residing at area where there is special negotiated tariffs with Council or tariff prescribed by law do not qualify for indigent and pensioners rebate**

The Council of the Ngwathe Local Municipality hereby declares its intention that the following rates in the Rand are to be levied for the financial year 1 July 2021 to 30 June 2022, on the market value of property or on the market value of a right in land within the area of jurisdiction of the Council as appearing in the valuation roll, in respect of the various categories of properties set out below:

| CATEGORY | Rates | Exemptions, Reductions & Rebates |
|---|---|---|
| Residential | 0,013272 | A total rebate of R30 000 will be granted on the value of the property (R15 000 impermissible according to the Municipal Property Rates Act plus a further R15 000 according to the municipality's Property Rates Policy)<br>A further 10% reduction on the market value (Market value minus R30 000 then 10% will apply on the difference) |
| Business, Commercial, Industrial and Mines | 0,021757 | A maximum of 5% reduction in line with Rates Policy will be given |
| Gholf Island Towns | 0,013272 | A total rebate of R30 000 will be granted on the value of the property (R15 000 impermissible according to the Municipal Property Rates Act plus a further R15 000 according to Municipal Property Rates Policy) |
| Agriculture/Farms | 0,003187 100% Phase in of MPRA | 25% of the residential tariff. Any rebate will be granted in line with the Property Rates Policy |
| Properties owned by an Organ of State and used for Public Service Purposes | 0,021757 | No rebates |
| Public Service Infrastructure | 0,003187 | Any rebate will be granted in line with the amended Rates Act of 2014 |
| Properties owned by Public Benefit Organisation and used for Specified Public Benefit Activities | 0,021757 | Any rebate will be granted in line with the amended Rates Act of 2014 |
| Vacant Stand Business | 0.013272 | No rebates |
| Vacant Stand Residential | 0.013272 | A total rebate of R30 000 will be granted on the value of the property (R15 000 impermissible according to the Municipal Property Rates Act plu a further R15 000 according to the municipality's Property Rates Policy<br>No further reduction |
| Municipal and Church Property | 0.00 | Exempted/Zero rated |

**Business, Commercial and Industrial Properties**

The municipality will grant rebates to ratable enterprises that promote local, social and economic development in its area of jurisdiction. Maximum rebate for the 2021-22 financial year, has been determined at **5%**.

**Public Benefit Organizations (PBO's)**

Taking into account the effects of rates on PBOs performing a specific public benefit activity and if registered in terms of the Income Tax Act, 1962 (No 58 of 1962) for tax reduction because of those activities, Public Benefit Organizations may apply for the exemption or reduction of property rates up to 40%. Application should be submitted by the end of August 2021 on a prescribed form.

**Agricultural Property Rebate**

The municipality will apply the standard ratio for agricultural properties as promulgated by the Minister **1:0.25 (75% rebate** on the tariff for residential properties).

Public / Residents / Businesses / NGO's / Rates Payers are also informed that due to the Covid-19 (coronavirus) epidemic, the budget documents and tariff list are available for inspection during office hours at the municipal offices as well as on the municipal website at www.ngwathe.fs.gov.za. Further clarity regarding these documents can be submitted to the office of the Chief Financial Officer by no later than **12h00** on **Friday 22nd June 2021**.

Hopolang I Lebusa
Chief Financial Officer
hopolang@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Themba Mpindo
Manager: Budget and Expenditure
mpindo@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**BW KANNEMEYER**
**Municipal Manager**

# VLAKVARKE VREES HOM



Vlakvarke se eintlike habitat is die Bosveld, maar met die tyd het hulle beweeg na groener weivelde in die Vrystaat. Sommiges beweer dat vlakvarke se voorkoms hier ook die deur die toedoen van jagters is wat kleintjies as troeteldiere hierheen gebring het.

Saaiboere raak al hoe meer krapperig oor die skade wat vlakvarke aan gesaaides aanrig. Kôki Claassen, boer van Vegkop omgewing, het hierdie week sy 102de Vlakvark geskiet oor 'n tydperk van twee en half jaar. Hy het almal met sy .223 geskiet wat altyd in die bakkie byderhand is. Meeste van hulle het hy in mielie-reste teëgekom terwyl hy werk en gaan nooit uit om hulle spesifiek te jag nie.

Die vleis gaan na plaaswerkers in die omgewing.

*Op die foto links: Kôki Claassen by sy vlakvark wat hy geskiet het.*











## BKB Louwid

### Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 5 JULIE 2021**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

FRANKFORT: SIX STAR GROUP
DIGITALE SPEENKALFVEILING
12:00, Royal Auction Centre
Kontak Gert Burger 082 822 1952

**DINSDAG - 6 JULIE 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Pieter Venter 060 678 3876

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

FRNAKFORT: FORTRESS BONSMARA
40 Bulle
11:00, Royal Auction Centre
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

**WOENSDAG - 7 JULIE 2021**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

DUNDEE: TRI-BUL
100 Bulle en 20 vroulike diere
11:00, Dundee veilingskrale
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**DONDERDAG - 8 JULIE 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAMKLUB
55 Prestasiegetoetste en veldaangepaste Merino ramme
11:00, Vrede veilingskrale
Kontak Jandré Moll082 307 9169

**VRYDAG - 9 JULIE 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**